# 2017

# NGSK/VGK Somerset-Wes
## 80 Jaar van Genade

## Beknopte opsomming van die ontstaan van NGSK Somerset Wes.

### Agtergrond.

Die werk onder die nie blankes; vrye swartes en slawe ( Heidene )is alreeds in 1826 begin met min of geen sukses. Op Somerset was daar geen instituut – skool kerk vir gekleurdes nie. Die mense het op die plase rond gewoon en kon nie lees of skryf nie. Onderwyser Mostert was gewillig om 3keer per week vir hulle skool te hou. Eienaars was aangemoedig om hulle slawe skool toe te stuur maar niemand het opgedaag nie. Dit teen die agtergrond dat wetgewing geheers het dat slawe vrygestel kon word as hulle lidmaat van die kerk sou word en sekere vaardighede kon baasraak. Die problem duik op by die doop van 'n gekleurde en dan deelname aan die nagmaalstafel. Dit ontaard in 'n Rings saak. Die en Sinode volstaan by deelname aan die tafel. In 1843 word waargeneem die sterk ondersteuning vir die kinders deur skool te bied vir die gekleurdes waar hulle ook godsdiens onderrig ontvang. Die werk groei steeds soveel so dat die ledetal van die NGK Somerset wes in 1847 beraam is op 274 en in 1847 na 301 gegroei het. Maar in 1855 daal dit na 21. Hiermee het die besluit van 1853 deur die Ring baie te make.

Sedert 1908 word die werksaamhede onder die kleurling gemeenskap ernstig hervat. Die groep wat hierdie werksaamhede sterk dryf is die VSB ( Vroue Sending Bond ) van die NGK te Somerset Wes wat gestig was in 1903. Die NGSK gemeente " Die Strand " word in 1908 afgestig van die NG moederkerk Somerset-Wes. Teen hierdie tyd is die ontwikkeling van aparte kerke alreeds 'n werklikheid. Somerset-Wes en Helderberg word wyke van die NGSK " Die Strand". Die VSB het die werk sterk gedryf en op Helderberg is twee sterk punte ontwikkel waar sondagskool gehou is deur die lede van die VSB. Die preek punte is Vredenhof en Rustenhof. Later neem die VSB die voortou met die bou van 'n kerkie en die stigting van 'n gemeente. In 1921 stel die NGK Somerset-Wes Eerw. P.W.J.Van Zyl aan om bearbeiding te doen onder die kleurling bevolking in Somerset-Wes. By die stadium vergader hulle buite of in die huis van ouderlinge. In 1922 begin die VSB hulle fokus op 'n kerkgebou en

samel £400 in vir die doel. Op 3 Mei 1924 word die geboutjie ingewy. Ds Pienaar doen die inwydings rede. Mev Haarhoff is belas met die deur oopsluit.

Die volgende stap was nou die stigting van 'n eie Sending gemeente. Mev J Marais het verantwoordelikheid van die sondagskool geneem en Mnr J.R.Fuchs word getaak om die gemeente te bearbei. In 1930 wend die VSB hulle tot hulle kerkraad vir hulp om 'n eie sendeling aan te stel as Prediker vir die wyk. Nadat Mnr Mare en na hom Ds P.J.de Vaal die bearbeiding waargeneem het word Eerw. I.S.Steyn in 1932 aangestel om die geestelike bearbeiding waar te neem. Ds Steyn gee 'n opsomming van hoe hy die werk hier gesien het en beskryf het.

"Hier is 'n volslae heidendom van groot getalle 'n massa onbeskaafde mense, onkunde , onsedelikheid en dronkenskap veral onder vroue is skrikwekkend."

Ds Steyn begin met die groot taak en die gemeente begin groei soveel so dat hulle herhaalde kere by die Strand aansoek doen om afstigting. Die onderhandelinge bring hom en die VSB in onguns by die Strand gemeente. Die liggame wat betrokke raak by die werksaamhede en onder handelings is van die NGK kant:

Die Binnelandse sending Kommissie; Die VSB ; Kerkraad NGK Somerset Wes. Van die kant van die NGSK was: Die Ring van Wynberg; Die moderatuur van die Sinode; Die kerkraad van NGSK die Strand.

Na agt jaar van onderhandeling word daar op 11 Desember 1936 'n nuwe gemeente afgestig van die NGSK die Strand. In 'n mate kan gesê word hulle is ook nuut gestig deur die NGK Somerset-Wes. Deel van die voorwaardes was dat die NGK Somerset-Wes £30 per jaar moet bydrae tot die NGSK die Strand vir vyf jaar. Op 22 Desember 1936 word die eerste kerkraad bevestig as kerkraad as ouderlinge: Pieter van Ryn; Abraham Hoffmann; Lambert Dampies. As Diakens: Cornelus Benson; Gideon Gineke

Die eerste kerkraads vergadering word gehou op 11 Februarie 1937 met die volgende kerkraad teenwoordig.: Ouderling L,Dampies Ouderling A.Hoffman Diaken C.Benson Diaken G Geneke

Die vergadering word waargeneem deur die konsulent : Eerwaarde J.J. van der Merwe. Eerwaarde Steyn het opgetree as hulpwerker in die gemeente.

Op 1 Mei 1937 word die eerste Leraar in die gemeente bevestig by name Eerw Isak Steyn.

Op 4 November 1938 word die Sustersbond gestig met Mev S Steyn as leier. Teenwoordig is 9 susters en die volgende sluit aan by die Sustersbond:

1. Mina Jonas. 2. Gertruida Williams. 3. Mina Malhabanie. 4. Edna Cloete
5. Lena Kluver. 6. Rosie Jonas. 7. Ouma Smit. 8. Maria Marlow.
9. Katrina Lott.

Die geleentheid word waargeneem deur die VSB lede Mev Haarhoff en Mev F.Marais.

Ds Steyn beskryf die nuwe gemeente as volg:

"Die NGSK Somerset-Wes bestaan hoofsaaklik uit Uitvaagsels van die kleurling gemeenskap met 'n kleine minderheid gangbare mense. Die dronkenskap neem onheilspellend toe veral onder die vroumense."